MENLO
Koor en Musiek www.menlopark.co.za

Januarie 2018

Brief 1/2018

Beste Ouers,

Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om u 'n voorspoedige 2018 toe te wens met 'n jaar vol Absolut Menlo-musiek! Dit is vir ons 'n voorreg om met u kind te mag werk en ons verseker u van gehalte-onderrig en om 'n liefde vir musiek by die leerders te kweek.

Hiermee belangrike inligting rakende die Menlo-Musiekakademie.

1. **Musiekonderrig word in die volgende genres aangebied:**

Klavier: klassiek	Kitaar
Klavier: ligtemusiek	Baskitaar
Keyboard	Klassieke kitaar
Tjello	Elektriese kitaar
Viool en altviool	Tromme
Dwarsfluit	Sang
Saksofoon	Teorie: Gr. 1-4 (UNISA en Royal Schools)
Simfoniese ensemble	Teorie: Gr. 5 en 6 (UNISA en Royal Schools)
Saksofoonensemble	Fluitekoor

2. **Musiektariewe vir 2018:**

DUUR VAN LES	**BETALING**		
	EEN betaling per jaar	**VIER** betalings per jaar	**TIEN** betalings per jaar
60 min	R11 890	R 2 973	R 1 189
45 min	R 8 918	R 2 229	R 892
30 min	R 5 945	R 1 486	R 595
Teorie: 60 min	R 6 150	R 1 538	R 615
Teorie: 45 min	R 4 613	R 1 153	R 461
Prakties: 60 min Teorie: 60 min	R18 040	R 4 510	R 1 804
Prakties: 60 min Teorie: 45 min	R16 503	R 4 126	R 1 650
Prakties: 45 min Teorie: 60 min	R15 068	R 3 767	R 1 507
Prakties: 45 min Teorie: 45 min	R13 530	R 3 383	R 1 353
Prakties: 30 min Teorie: 45 min	R10 558	R 2 639	R 1 056

LET WEL: Die bedrag per paaiement hou nie regstreeks verband met die aantal lesse ontvang nie, dit is bloot 'n verdeling in paaiemente van die tarief per jaar.

Indien u die opsie van tien betalings kies, is die datums van inbetaling soos volg:

Paaiement 1	19 Januarie 2018	**Paaiement 6**	8 Junie 2018
Paaiement 2	9 Februarie 2018	**Paaiement 7**	6 Julie 2018
Paaiement 3	9 Maart 2018	**Paaiement 8**	7 Augustus 2018
Paaiement 4	6 April 2018	**Paaiement 9**	7 September 2018
Paaiement 5	4 Mei 2018	**Paaiement 10**	5 Oktober 2018

Die Hoërskool Menlopark, Atterburyweg, Menlopark, Pretoria, 0081
Tel:+27 (0) 12 361 7738, Faks:+27 (0) 12 348 6827, info@menlopark.co.za, **www.menlopark.co.za**
Koor- en musiek-kontakbesonderhede: jeanmari.vanpapendorp@menlopark.co.za

3. Opsies ten opsigte van betaling en basiese riglyne:

Die Musiekakademie van Die Hoërskool Menlopark is ten volle geprivatiseer en ontvang geen subsidie van enige aard nie. Dit is dus noodsaaklik dat ALLE FOOIE VOORAF vereffen word.

Dit is van kardinale belang dat u die afbetalingsooreenkoms van u keuse op die meegaande kontrak aandui. Die kontrak moet asseblief tydens die tweede les van die jaar ingevul, onderteken en ingedien wees by die betrokke onderwyser/musieksentrum. Maak seker dat u die afbetalingsooreenkoms van u keuse nougeset nakom. Indien die betalings nie op die ooreengekome wyse nagekom word nie, sal die leerder se lesse opgeskort word tot die betaling geskied. Die ouer bly verantwoordelik vir betaling.

Daar is **drie** opsies beskikbaar, waarop u die tarief kan vereffen:

Eenmalig	Die volledige bedrag is voor of tydens die tweede les van die jaar betaalbaar.
Vier paaiemente	Die 4 kwartaallikse paaiemente, soos aangedui in die tarieftabel by punt 2, is telkens voor of tydens die tweede les van elke kwartaal betaalbaar.
Tien paaiemente	Die 10 paaiemente (bedrae en datums waarop hulle betaalbaar is), word by punt 2 uiteengesit.

LET WEL: Betalings kan **slegs** as volg gemaak word:

- Tjeks/kontant
- Internetbetalings (bewys van betaling moet by die onderwyser ingedien word).
- Kredietkaartbetalings (by die skool se finansiële kantoor).

4. Kwartaaldatums waarop lesse begin:

Kwartaal 1	17 Januarie tot 28 Maart
Kwartaal 2	10 April tot 22 Junie
Kwartaal 3	17 Julie tot 28 September
Kwartaal 4	9 Oktober tot 30 November

LET WEL: Lesse word nie gestaak voor die einde van die kwartaal nie.

5. Bywoning/aanbieding van lesse:

5.1 Indien 'n leerder nie 'n les bywoon nie:

Dit is die leerder (en ouer) se verantwoordelikheid om betyds en gereeld by elke les op te daag. Indien 'n leerder weens buitengewone omstandighede of siekte nie 'n bepaalde les kan bywoon nie, is dit die leerder (en ouer) se plig om **vooraf** die onderwyser dienooreenkomstig in te lig. Die onderwyser sal, **waar dit moontlik is**, poog om die les op 'n ander tyd aan te bied. Indien dit nie moontlik is nie, verbeur die leerder bloot die les sonder enige afslag op die jaarlikse musiektarief. Indien die leerder bloot net nie opdaag by 'n les nie, sonder dat buitengewone omstandighede dit onmoontlik gemaak het om vooraf die onderwyser in kennis te stel, word die les nie later op 'n ander tyd aangebied nie en is daar ook geen terugbetaling op die tarief nie.

5.2 Indien die onderwyser nie 'n les kan aanbied nie:

Indien die onderwyser weens buitengewone omstandighede of siekte nie 'n bepaalde les kan aanbied nie, sal die onderwyser (waar moontlik) met die leerder (en/of ouer) 'n reëling oor 'n ander tyd om die les aan te bied, tref. Ouers word versoek om indien die leerder meer as een les in die jaar weens onvoorsiene afwesigheid van die onderwyser misloop (met ander woorde die les is nie aangebied of ingehaal nie), onmiddellik met me. Trix Klopper (Akademiehoof) of met me. Jeanmari van Papendorp (Musiekhoof) in verbinding te tree.

6. Staking van lesse:

Indien 'n leerder weens buitengewone omstandighede of siekte 'n hele aantal lesse agtereenvolgend nie kan bywoon nie, moet dit vroegtydig met die onderwyser gereël word en me. Trix Klopper of me. Jeanmari van Papendorp dienooreenkomstig ingelig word.

Indien 'n onderwyser weens buitengewone omstandighede of siekte 'n hele aantal lesse agtereenvolgend nie kan aanbied nie, sal me. Klopper persoonlik met die betrokke ouers skakel oor moontlike alternatiewe reëlings.

Indien 'n leerder sy/haar klasse by die Musiekakademie wil staak, moet **een kwartaal** skriftelike kennis gegee word.

Aangesien daar 'n waglys is vir leeders wat by die Musiekakademie wil inskakel, kan die lesse van leerders wat herhaaldelik onvoorbereid vir lesse opdaag, beëindig word. In sulke gevalle bly die ouer steeds verantwoordelik vir die betaling van die gelde tot die einde van die kwartaal waarin die lesse gestaak is.

7. Ekstra lesse:

Indien leerders voor eksamens of ander geleenthede belangstel in ekstra lesse, kan dit met die onderwyser (indien moontlik) bespreek/gereël word. 'n Bedrag van R150 per les is betaalbaar en dit word direk aan die onderwyser betaal.

Indien leerders vir eksamens of ander geleenthede voorberei word en die leerders kom gereeld onvoorbereid klas toe, sal die ouers ingelig word en indien die nodige afronding net gekry sal kan word deur ekstra lesse in te ruim, sal dit gereël word (indien moontlik) teen R150 per les.

8. Teorieklasse:

Daar sal voortaan slegs een teorieklas per graad wees. Die tye van die gr. 1-5 teorieklas (UNISA en Royal Schools) is by me. Trix Klopper beskikbaar en dié van die gr. 6 teorieklas by me. Colleen Maré.

9. Evalueringstelsel:

Die leerders ontvang twee maal per jaar (Junie en November) 'n evalueringsverslag.

10. Eisteddfods en eksterne eksamens:

Leerders word/kan vir eisteddfods en eksterne eksamens ingeskryf word. Kontak gerus die betrokke onderwyser oor die leerder se inskrywings.

11. Handige inligting:

Telefoonnommer van die skool:	012-361 7738
Faksnommer van die skool:	012-348 6827
E-pos van die skool:	info@menlopark.co.za
MUSIEKHOOF: Me. Jeanmari van Papendorp	E-pos: jeanmari.vanpapendorp@menlopark.co.za
AKADEMIEHOOF: Me. Trix Klopper	E-pos: trix.klopper@menlopark.co.za Selnommer: 072 014 4763

12. Bankbesonderhede van die skool:

U sal deur die skool gefaktureer word op u BUITEMUURSE REKENING vir die musiekakademie inskrywingsgeld. Dit is belangrik dat u elektroniese inbetaling die verwysing moet toon wat op hierdie BUITEMUURSE REKENING in die boonste regterkantste hoek voorkom – dit is 'n korter nommer as die normale verwysingsnommer vir skoolfondsinbetalings.

Rekeninghouer:	Die Hoërskool Menlopark
Bank:	Nedbank Besigheidsrekening Pretoria
Takkode:	149 745 (Universele tak); 198 765 (Vanaf Standard Bank en ENB)
Rekeningnommer:	149 712 4069
Verwysing:	REKENINGNOMMER IN REGTERKANTSTE BOONSTE HOEK OP BUITEMUURSE REKENINGSTAAT, SOOS HIERBO UITEENGESIT.

13. Hoe word mens deel van Absolut Menlo-musiek?

As u seun of dogter belangstel om les te neem by die Musiekakademie, skakel gerus met me. Trix Klopper by bovermelde telefoonnommer!

14. Registrasievorms:

Aangeheg by hierdie inligtingsbrief is die registrasievorm wat ouers asseblief volledig moet voltooi en met die tweede les van die kwartaal aan die onderwyser terugbesorg. Dit dien as die kontrak wat u met die Musiekakademie sluit.

Ons sien daarna uit om u te verwelkom in die absolut musiekwêreld van Die Hoërskool Menlopark!

Menlo-musiekgroete

ME. JEANMARI VAN PAPENDORP
MENLO-MUSIEKHOOF

ME. ELBETH VERMAAK
ADJUNKHOOF: KULTUUR

MENLO
Koor en Musiek
www.menlopark.co.za

MUSIEKAKADEMIE
REGISTRASIE VAN LEERDERS 2018

LET WEL: Elke leerder moet hierdie vorm voltooi, selfs al is daar meer as een leerder per huisgesin. Nuwe leerders moet 'n afskrif van hul musiekrapport van vorige instansie aanheg.

LEERDERBESONDERHEDE	
Van:	
Volle name:	
Noemnaam:	
Manlik/vroulik:	
Geboortedatum:	
ID-nommer:	
Leerder selnommer:	

OUER-/VOOGBESONDERHEDE			
VADER		**MOEDER**	
Van:		Van:	
Titel:		Titel:	
Voorletters:		Voorletters:	
Volle name:		Volle name:	
Noemnaam:		Noemnaam:	
ID-nommer:		ID-nommer:	
Beroep:		Beroep:	
Werkgewer:		Werkgewer:	
Woonadres:		Woonadres:	
Posadres:		Posadres:	
E-pos:		E-pos:	
Telefoon: Huis:		Telefoon: Huis:	
Werk:		Werk:	
Sel:		Sel:	
Huwelikstatus:		Huwelikstatus:	

Die Hoërskool Menlopark, Atterburyweg, Menlopark, Pretoria, 0081
Tel:+27 (0) 12 361 7738, Faks:+27 (0) 12 348 6827, info@menlopark.co.za, **www.menlopark.co.za**
Koor- en musiek-kontakbesonderhede: jeanmari.vanpapendorp@menlopark.co.za

ONDERRIGINLIGTING	
Instrument waarvoor leerder inskryf:	
Vorige graad geslaag in prakties:	
Skryf leerder ook vir teorie in? Indien wel, watter graad?	

Duur van les per week - maak 'n x in die blokkie van u keuse:

A:	Prakties: 60 min	**D:**	Teorie: 60 min	**G:**	Prakties: 60 min Teorie: 45 min	**J:**	Prakties: 30 min Teorie: 45 min
B:	Prakties: 45 min	**E:**	Teorie: 45 min	**H:**	Prakties: 45 min Teorie: 60 min		
C:	Prakties: 30 min	**F:**	Prakties: 60 min Teorie: 60 min	**I:**	Prakties: 45 min Teorie: 45 min		

BETAALWYSE

Maak 'n x in die blokkie van u keuse:

A:	**Een** betaling per jaar	**B:**	**Vier** betalings per jaar	**C:**	**Tien** betalings per jaar

A:	Internet	**B:**	Tjek	**C:**	Kontant

ONDERNEMING DEUR OUERS/VOOG EN LEERDERS

Hiermee verklaar ons dat:

1. Ons die vorm volledig ingevul het en dat die besonderhede waar en korrek is;
2. Ons, ons vergewis het van die reëls van die Musiekakademie soos uiteengesit in brief 1 van 2018 en dat ek/ons dit sal nakom.

GETEKEN TE PRETORIA OP HIERDIE ..... DAG VAN ..... 20 .....

.....
HANDTEKENING: VADER/VOOG

.....
HANDTEKENING: MOEDER/VOOG

.....
HANDTEKENING: LEERDER